## 26 Augustus Eksodus 20:8-11; Sondag 38

### *Die rus versteur en herstel*

Die rusverstoorder het die paradys binnegedring en sy klem van onvrede geplant. In die plek van harmonie het gekom opstand teen God, onvrede tussen mense, onrus in die skepping. Die natuur verset hom teen die mens se pogings om die aarde te bewerk. Dorings en distels, droogte en vloede bederf die oes. Die boer buig krom terwyl die sweet hom aftap. Hy loop en ween terwyl hy sy hand in sy saadsak steek en die korrels uitstrooi op die land. Die stryd sluk mense in en maak hulle slawe van werk, geld en sukses, dienstig aan die ryk van die Bose.

Te midde van die onrus, die geskarrel van sonop tot sononder, die sweet en stryd, die druk van 'n vol program, stres, uitbranding, jongmanne wat moeg word en struikel. Te midde van al hierdie dinge bring die Here die lewenswiel op een dag tot stilstand: "Ses dae moet jy werk... maar die sewende dag... mag jy geen werk doen nie". Die sewende dag is 'n lafenis vir ons vereelte werkershande, balsem vir ons bekommerde werkersgemoed, salf vir ons moeë; werkersliggaam.

Werk ses dae hard vir die Here en kom dan tot rus in die Here op die sewende dag. Onderbreek jou werk op die rusdag en word verkwik deur God se teenwoordigheid, gevoed uit die Bron, versterk met die rus wat Jesus Christus deur sy lewe, dood en opstanding verdien het. En gaan werk dan weer ses dae, terwyl jy die eerste tot die sewende dag van jou bose werke rus, die Gees van God in jou laat werk en so die ewige Sabbat in hierdie lewe begin.

Sing: Skrifberyming 26:1, 6, 10 Dr. V. Combrink (Andeon)